

MAANDAG 26 JANUARIE

SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 21:10-15; 1 SAMUEL 29:9-11

Akis/Agis – Weggelei en weer teruggelei

Twee kerngedagtes kom in ons Skrifgedeeltes voor: deur vrees *weggelei* van God se beskerming, en deur genade weer *teruggelei* na God se beskerming.

Deur vrees weggelei van God se beskerming – Dawid vlug voor koning Saul uit wat hom uit jaloesie wil doodmaak. Hy bevind hom in Filistynse gebied. Uit vrees vlug hy na Agis, die Filistynse koning van Gat. Daar hoor Dawid hoe Akis se amptenare vertel van die vroue wat in Jerusalem met koordanse gesing het dat Saul sy duisende, maar Dawid sy tienduisende verslaan het. Hulle het geweet dat Dawid die reus Goliat verslaan het. Hulle het geweet dat Dawid as koning oor Israel gesalf is. Hy verkeer nou ook hier in lewensgevaar, want koning Akis sal hom sien as vyand van die Filistyne. Lees Psalm 56. Uit vrees in die nood hou Dawid hom dan waansinnig voor die Filistyne. Hy het teen die deure van die poort gekrap en sy spoeg in sy baard laat afloop (vs 12) en koning Akis stuur hom weg. So lees ons in Psalm 34:1 waar Akis ook Abimelek genoem word. Hierdie optrede van Dawid is *verstaanbaar*, maar *onaanvaarbaar*. Dawid was immers as koning oor Israel gesalf. God het tog beloof dat Hy Dawid sou beskerm en met Hom sou wees. Dit was nie nodig dat hy met waansinnigheid homself teen die Filistyne probeer verskans nie. Die plek van Dawid is in sy land, by en onder sy volk waar God se eie Woord beskerming bied. En God se Woord is kragtig. Dit het Dawid gewéét, maar toe die gevaar dreig, het hy dit vergéét. Hy gryp na vleeslike wapens en tree intuïtief, ondeurdag op. In deperaatheid en vreesbevangenheid is hy *weggelei* van God se beskerming. Hy soek beskerming deur menslike planne.

Gebeur dit nie ook soms in ons eie lewe nie? Uit vrees vir byvoorbeeld ongewildheid praat en doen mense dikwels heeltemal anders in 'n groep as wat hulle alleen sou wees. Groepsdruk is by ons jongmense so bekend. Bang vir mense om te getuig vir die waarheid, swyg ons maar ... Hoe het Christus nie gebid in Getsemane nie. Uit angs het Hy bloed gesweet, maar in gehoorsaamheid enduit die lydensbeker gedrink ... tot die laaste droesem toe.

Deur genade weer teruggelei na God se beskerming – Die wonder van God se genade is dat die Filistynse koning Akis se amptenare Dawid as 'n Hebreër nie vertrou nie. Israel is immers die Filistyne se aartsvyand! Alhoewel Akis Dawid as 'n opregte man beskou het, voer hy die wens van sy amptenare uit: Dawid word na Siklag teruggestuur. Deur God se genade word Dawid *teruggelei* na sy roeping as koning van Israel volgens God se belofte van beskerming. Die Here gebruik die vyandige Filistyne om Dawid terug te lei na sy koningskap waartoe hy gesalf is. Nie meer Dawid se desperate, eiewillige planne tot selfbeskerming nie, maar God se genade is sy beskerming. Spreuke 21:1 – *Die wil van die koning staan onder die gesag van die Here; soos 'n stroom water lei Hy dit soos Hy verkies*. Ja, deur die Filistyne se toedoen het Dawid die koningskap oor Israel weer opgeneem en uiteindelik die Filistyne verslaan.

Sing: Psalm 91:1, 6 (1936)

Ds. NJ (Nic) van der Walt (Brits)